:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Jaargang XXV OKTOBER 1957 No. 2

# 'n Sleutel vir die Toekomsdeure.

Om as waarheid te aanvaar wat alleenlik met die oë aanskou word, is eg menslik. As die lewe egter tot die sintuiglik waarneembare beperk moes bly, sou die menslike bestaan van sy kosbaarste skatte beroof gewees het. Dan sou waaghalsigheid of oormoed as die motivering van elke heldedaa aangevoer moes word.

Gelukkig hoef ons nie eers te spekuleer oor die resultate van so 'n armoedige lewensopvatting nie, want as Christene aanvaar ons die realiteit van 'n ander beslissende faktor, hoewel sintuiglik onwaarneembaar, in die menslike lewe: **geloof**, wat 'n Godgegewe aanvulling is van ons stomp sintuie. „Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11: 1). Hierdie woorde van die heilige apostel open die visie op 'n veel ryker en interessanter lewe as die bloot materialistiese. Maar meer nog, geloof ontketen kragte in die menslike gees wat hom tot sodanige hoogtes kan lei dat die goddelike oorsprong van die menslike siel floutjies herkenbaar word.

Die artikels in hierdie uitgawe van „Koers" wil die aandag van die leser in alle beskeidenheid weer eens gedurende ons mooi Oktobermaand op die magtige werklikheid van **geloof** in ons kerklike oriëntering en

volksontwikkeling vestig. Deur geloof in 'n gesonde volkslewe en Afrikaanse literatuur het die gevierde skrywer, C. M. van den Heever, sy skeppingswerk gelewer; deur geloof in 'n daadwerklike Christelike opvoeding is die moeilike taak van skoolstigting te Potchefstroom volvoer; geloof skitter as hoeksteen van die denke van die alombekende en invloedryke kerkvader, Augustinus; en watter Afrikaner voel nie die warmte om sy hart koesterend oplaai by die lees van die geloof van Paul Kruger, die volksheld en nestor van die Afrikaner-vryheidsgedagte nie?

Mag Oktobermaand by vernuwing en by verdieping die onbepaalbare waarde en onweerstaanbare krag van geloof in ons reformatoriese godsdienstige lewe en republikeinse vryheidstrewe met onblusbare vuur inbrand; en mag ons sonder huiwering die toekomsdeure van ons volk en kerk ontsluit met die sleutel van geloof.

W. N. COETZEE.